

Sondag 29 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 3:1-14

Fokusgedeelte: Lukas 3:10

God vestig sy Koninkryk deur die Woordverkondiging

God vestig deur sy Woord(verkondiging) sy Koninkryk in ons harte. Hiervoor gebruik Hy mense soos Johannes die Doper, Elia en baie brose verkondigers van sy Woord.

Hy Self breek deur dié Woordverkondiging kragtig deur die Gees sy Koninkryk deur daar waar mense (saam met Hom) besig is om volgens hulle gawes en persoonlikhede binne hulle eie, unieke konteks sy Koninkryk uit te dra en uit te beeld.

Hiervoor giet Hy ons nie in dieselfde vorm, om byvoorbeeld net soos Johannes die Doper as askete in die woestyn te lewe nie! Hy laat ons nie van beroep, adres en persoonlikheid verander nie. Wat wel verander, is ons innerlike: ons hart, ons denke, ons gesindheid! (Paulus roep die gelowiges in Rome op om hulle denke – innerlike gesindheid – te verander.)

As 'n Koninkrykskind word jou hart sag om daar waar jy in liefde kan help, te help. 'n Tollenaar wat 'n koningskind word, hou op om ander tot sy eie voordeel uit te buit. Hy bly 'n tollenaar, maar dien ander mense eerlik en dra só God se Koninkryk uit (dink aan Matteus). 'n Soldaat wat voorheen mense gewelddadig afgepers en gedreig het, lei mense dienend tot 'n eerlike, gehoorsame en ordelike lewe. In plaas daarvan om ander uit te buit, vertrou so 'n mens op God se versorging en is dankbaar en tevrede daarmee.

Watter impak het God se Koninkrykswoord op ons lewens? Watter sigbare getuienis van die Drie-enige God se vernuwende krag blyk in die lewens van ons as Koninkryksburgers? Dit blyk uit die impak wat dié Woordverkondiging in ons lewens bring. Dan word die verkondiging van die Woord nie iets opsioneels nie, maar 'n belangrike middel in die Drie-enige God se hand om sy ryk te laat deurbreek.

Gaan let so op die impak van die langverwagte Koning se koms in ons lewens!

Sing: Psalm 48-1:1, 4

Ds. SFF van der Walt (Steve) (Kathu/Olifantshoek)